

VYFTIEN NUWE
PARADIGMAS
(NO. 4-6)

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

*'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 3)*

© KOPIEREG 2010

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Ons leef nie net vandag in uitdagende tye nie, maar in 'n tyd van reformasie. Alles is aan die verander, maar iewers langs die pad het die kerk nie daarin geslaag om by te bly nie. Ons leef tans in 'n tyd wat die elektroniese revolusie genoem word. Wat die televisie, internet, rekenaar en selfoon moontlik gemaak het, is eenvoudig onbeskryflik in woorde! Die probleem met hierdie revolusie is egter dat dit hoofsaaklik uiterlik van aard is, soos dat baie nuwe dinge op die mark kom. Hierdie dinge het egter 'n duidelike inpak en las op ons innerlike vermoë om verhoudings te hanteer.

Die kerklike wêreld is veronderstel om ons te help om ons verhoudings op te gradeer en te hanteer, maar in plaas daarvan dat die kerk 'n al hoe groter spesialis in verhoudings word, word ons net al hoe groter spesialiste in organisasie en programme. Daar is niks fout met organisasie en programme nie, solank as wat dit die doel dien vir dit waarvoor ons bestaan. Wat ons ookal doen, moet mense na die Here bring en hulle lewenswandel in gehoorsaamheid aan die Woord bring.

Ons het byvoorbeeld soveel lieflike kursusse oor die huwelik, maar in die praktyk draai die egskeidingsyfer nie noodwendig nie. Iewers bly dit net 'n oordrag van kennis en word dit nie noodwendig 'n geïntegreerde nuwe lewensstyl nie. Tog moet die antwoord op die probleem eenvoudig wees, want God se antwoorde is vir almal en toeganklik vir almal. In die lig hiervan, kom ons kyk na die volgende drie paradigmas wat David Watson anders gedoen het as wat ons dit gewoonlik doen.

DIE VYFTIEN PARADIGMAS

Kom ons kyk na die volgende drie paradigmas van gemeenteweese wat ons kan help in ons vars nuwe denke oor gemeenteweese.

4) GEEN PREDIKING EN LERING AS BASISBEDIENING!

Hierdie is 'n baie radikale paradigma wat objektief reg verstaan moet word. Eerstens moet ek dit duidelik stel dat daar definitiewe prediking en lering in die Woord is en dat dit goed is om daarvan gebruik te maak. Dit is dalk net tyd om ook weer 'n slag daarvoor te herbesin. Prediking in die Woord was gewoonlik teenoor die ongelowiges, waar dit die grootste effek het. Prediking soos ons dit ken elke Sondag is nie verkeerd nie, maar ook nie 'n algemeen Bybelse praktyk nie.

David Watson het die eerste keer onder die Bhojpouri volk ingegaan met prediking, maar die eerste ses dissipels is juis doodgemaak omdat die land nie prediking op straat aanvaar nie. Prediking kan dus goed wees, maar ook nie noodwendig die regte of wyse ding as dit verbode is soos in Moslem lande nie! Die meer as ses smiljoen mense wat tot bekering gekom het, het die Here leer ken sonder enige prediking en lering soos ons dit in die Weste ken. Selfs die gelowiges praktiseer nie prediking onder mekaar as 'n algemene basisbediening nie! Ons moet ook verstaan dat die Bybel nie aanvanklik in hulle taal beskikbaar was nie. Dit het vier jaar geneem voor dit vertaal was. Die Woord is aanvanklik op band opgeneem en so vir die mense gespeel. (Daar is 'n webwerf waar jy 400 audio vertalings in allerhande tale verniet kan aftrek in mp3 formaat – www.faithcomesbyhearing.com Dit help veral vir mense

wat moeilik lees, maar is ook goed om gedurig daarna te luister.)

Die vraag bly steeds wat hulle gedoen het om dit reg te kry. Die antwoord is vervat in hulle dissipelskapsproses. Niemand sê jy moet ophou preek en leer nie, maar die gemiddelde gemeente sal ophou bestaan sonder prediking en lering, want dit is die basisbediening waarop alles gebou word! In die Weste is ons baie gewoond aan die *leringsmodel* waar mense in klaskamers agtermekaar sit en slegs een persoon praat en alles uitlê wat verstaan moet word. Dit is 'n Griekse model en baie vreemd aan die Woord wat 'n Hebreeuse kultuur as onderbou het met groepsinteraksie as die normale. Lering in die Bybel is baie meer soos 'n werkswinkel model waar tien mense in 'n kring sit, die probleem ingegooi word en almal saam die antwoorde soek en die oplossing uitwerk! Lering in die Bybelse konteks is baie meer interaktief as net een persoon wat al die openbaring deurgee.

Daar is 'n baie goeie rede hoekom dit belangrik is. Woord deur 'n prediker ontvang mag baie goed wees in inhoud, maar is altyd tweederangse woord solank as wat jy dit nie verwerk en totaal geïnternaliseer het as lewensstyl nie. Jy kan nie groei met tweederangse woord nie. Dit moet eersterangs en persoonlik in die teenwoordigheid van die Vader ontdek word, voordat dit openbaring is wat groei bring! Ons Westerse gemeentelidproduseer 'n ongelooflike hoeveelheid tweederangse woord deur preke, cd's, dvd's, boeke en tydskrifte. Dit is waarom die gemiddelde gelowige volgens statistieke nie een hoofstuk Woord per dag lees en nie een persoon per jaar dissipel nie! Dit is skrikwekkend! Dit is geen wonder ons gaan nie vorentoe nie, want slegs die voltydse herders kry skape en die kudde self is oënskyklik onvrugbaar.

'n Verdere rede waarom prediking en lering nie as 'n basisbediening gebruik word nie, is dat dit kritiese mense produseer (I Kor.8:1). Hulle het baie kennis, wat dikwels gepaardgaan met hoogmoed, is gedurig besig om opinies te gee en leef dus nie meer uit hulle harte nie! Dit opsigself maak enige kleingroepbediening dood, want almal het 'n opinie en lering te opper op elke opmerking en probleem wat uit die hart gedeel word. Ons Westerlinge floreer op openbarings en elke leier moet voortdurend 'n groter openbaring produseer om by die winde van leringe by te bly, anders verval hy spoedig in onguns. Ongelukkig het elke prediker ook maar net 'n sekere hoeveelheid openbaring oor een of twee onderwerpe en dit is nooit genoeg om die mense konstant tevrede te stel wat soos toeskouers elke Sondag kom luister na die nuutste openbaring nie! Predikers kry nagmerries oor om voor te bly met nuwe openbaring vir elke Sondag! Iewers sal ons prediking moet uithaal as die basisbediening van gemeentewees, dissipelskap, konferensies en enige ander byeenkomste. Ons Christene weet nie wat om te sê of te doen as daar nie alewig 'n spreker is nie! Alles word rondom sprekers gebou, maar dit lyk nie of dit regtig so suksesvol is as wat ons voorgee nie. Veral as ons meet in die lig van die opdrag om dissipels te maak!

Miskien stem jy nie saam met alles wat ek sê nie, maar dit sal alles bymekaar kom sodra ons oor die oplossing en praktyk gaan begin praat. Verseker, as jy prediking afskaal, moet jy iets anders in die plek daarvan bring wat meer openbaring gee, anders sal dit nie werk nie. Onthou, 'n paradigmaskuif beteken ons skuif van een pilaar na 'n ander pilaar. As 'n pilaar weggevat word, moet dit met 'n beter pilaar vervang word of daar is 'n ineenstorting! Dit is tyd om eerlik te wees oor die hoofpilare van ons bedienings en gemeentes, al is dit hoe konfronterend en sefs bedreigend vir ons as leiers!

5) ALMAL WORD AAN JESUS AS HOOF VERBIND!

Die volgende paradigma kan net soveel verwarring veroorsaak. Alle gelowiges moet aan Jesus as die Hoof van die liggaam gekoppel word en nie in die eerste plek aan aardse leiers nie. Oor die saak blaas mense baie stoom, want dit het baie te doen met wat ons as leiers in die liggaam definieer en hoe hierdie leiers in hulle leierskap funksioneer. Die saak is so ernstig dat ons 'n hele aparte studiestuk later daarvoor sal skryf. Weereens is dit duidelik dat die Woord baie duidelik oor leiers, ouderlinge en voorgangers praat, maar hulle is nooit die hoof van die liggaam of die mense waarvan alles afhanklik is nie. Sonder leiers sal niks ooit opstaan en gebeur nie, maar as alles platval wanneer die leiers weg is, dan het ons beslis verkeerd gebou.

Ek is een ongelooflike voorstaander van eerbied, respek en onderwerping vir leiers, maar leiers is nie die "untouchables" teenoor wie daar net lojaliteit bewys moet word nie. As 'n leier reg bou sal hy verdwyn in die beweging en sal die momentum later nie meer van hom afhanklik wees nie. David Watson is al 10 jaar weg uit Indië en die beweging het sonder hom meer momentum gekry as toe hy daar was! Ek lees ook nie in die Bybel van leiers wat altyd daar was en alles gedryf het en as hulle padgegee het, het alles platgeval nie. Die meeste vernuwingsgemeentes kan na baie jare se opleiding en toerusting nog steeds nie op hulle eie aangaan sonder 'n hoofleier nie, en as jy 'n ander een inbring van buite af het jy dikwels net nog meer probleme! Ek is 'n groentjie in hierdie dinge, maar ek salueer 'n man soos David wat dit gedoen het. Kom ons leer by hom en word nie weer in 'n kritiese leringsmode vasgevang wat alles afkraak deur dit af

te skryf as derde wêrelds en eenvoudige mense wat nie van beter weet nie. Ons gemeentes is nie die oplossings wat hulle veronderstel is om te wees nie. Laat ons dus oop wees dat die Vader eenmaal 'n bietjie reguit met ons kan praat.

Hierdie paradigma beteken nie dat leiers uitgedien is en nie meer nodig is nie. Dit beteken ook nie dat ons minder eer en respek vir leiers moet hê nie. Intendeel, ons kort meer daarvan. Die probleem kom eerder in by die manier waarop leiers funksioneer en hulle leierskap uitoefen. In hierdie gemeentepanting in Indië is leiers nie die werkers wat alles bymekaarhou en aan die gang hou nie. Die werkers is die gelowiges en hulle grootste taak is nie in die eerste plek om mense te bedien nie, maar die Vader se teenwoordigheid te *fasiliteer*. Hulle is nie die Vader nie; hulle is ook nie die Vader se stem nie. Hulle fasiliteer bloot die byeenkoms sodat die Vader self kan verskyn, self kan praat en self die werk kan doen! Hulle preek nie vir die mense en vertel vir hulle wat die Vader sê nie, maar lei mense in in die teenwoordigheid van die Vader sodat die Vader self sy eie kinders kan bedien en antwoorde gee! Die leiers dra nie die laste van die mense nie en probeer nie hulle lewens uitsorteer nie. Hulle stel net die mense voor aan die groot Herder en Verlosser wat alles self doen.

Miskien klink dit net soos 'n klomp woorde vir jou wat geen verskil maak nie. Dit maak egter 'n reuse verskil. Daar is 'n goeie rede waarom 90% van mense wat voltyds uitstap in bediening en gemeenteleierskap dit nie maak tot die einde toe nie. Hulle vorm van leierskap bring mee dat hulle alle opleiding doen, vir almal moet sê wat die Vader vandag sê en hulle dra nie net al die laste van die mense nie, hulle dra ook al die verantwoordelikheid van die struktuur en organisasie. Jy as leier is nie net die alles in die gemeente nie, niks kan sonder jou vir selfs een jaar bestaan nie en jy

is ook die wonderman van die uur wat die nuutste het om alle probleme op te los. Dit is hoekom ons so graag 'n groot prediker sal invoer en alles sal doen om van sy cd's in die hande te kry, terwyl ons met die Vader se Woord en stem in en buite ons sit, maar dit telkens verwaarloos. Die gelowiges se lewens bewys dat ons as leiers God vervang het en keer dat Hy nie meer 'n Woord kan inkry nie! In die Weste is ons so trots op ons leiers en predikers wat ons aan die gang hou met die nuutste openbaringe van die Vader af, maar in Indië bid die gelowiges van die Bhojpuri volk dat ons leiers nooit daar sal uitkom nie, want dan sal al die gelowiges gaan sit en niks meer doen nie! Ons Westers gemeenteleierskap vertrou in wese nie dat die Vader 'n beter werk deur die gewone gelowiges kan doen as deur ons voltydse personeel nie! Ons glo nie in die amp van die gelowige nie, want dan sou die gewone gelowiges die hoofrolspelers in die gemeentes gewees het. Hoe bou jy dus 'n gemeente waar almal primêr aan Jesus verbonde is, maar daar ook kardinale leiers op aarde is wat Jesus geensins vervang nie? Hierdie vraag jaag my al baie jare en as jy lank genoeg aanhang sal jy die antwoord kry!

Miskien kan ek net weer beklemtoon. Ek skryf hierdie dinge omdat dit die Vader se stem is wat ek hoor in my eie lewe. As dit vir jou ook iets beteken, is ek bly, maar die gedagte is nie dat ek jou wil roskam oor wat jy doen nie. Vir die eerste keer het gemeentelêre vir my oopgegaan soos 'n openbaring oor 'n organiese wese wat in homself genoegsaam en in staat is om die wêreld oor te neem. Die antwoord is 'n Vader wat via gemeentelêre Homself aan die wêreld openbaar en ons moet die praktyk daarvan vind. Onthou ook dat die volkome antwoord in die praktyk van 'n lewensstyl lê en nie net in 'n herdefiniëring van begrippe nie. Hierdie praktyk gaan deur ons almal saam gebou word as liggaam en nie deur een nuwe prediker met al die

antwoorde nie. Hierdie praktyk gaan enorme kruisbestuiwing verg om te vergestalt.

6) DIE VADER DISSIPEL SY EIE KINDERS!

Jesus het voor sy hemelvaart sy dissipels opdrag gegee om toe te sien dat al die nasies dissipels van Hom word. Baie mense word volgelinge van predikers en leraars en van dit wat hulle leer, maar 'n dissipel is net 'n dissipel as hy 'n volgeling van Jesus Christus is! Alhoewel Paulus mense aangemoedig het om navolgers (imitators) van hom te wees het hy niemand 'n dissipel van homself gemaak nie. 'n Dissipel is iemand wat in die dissipline van Jesus lewe! Ons moet dus dissipels maak, maar hulle mag nie dissipels van onself wees nie, maar alleenlik van Jesus.

Ons moet dus iets doen wat veroorsaak dat mense in gehoorsaamheid aan Jesus begin lewe. Dit is duidelik dat ons nie eers onself met ons eie krag, behalwe met die inwoning van die Heilige Gees, daar kon kry nie en dat ons uit eie krag niemand anders daar sal kry nie. Ons dissipel dus eintlik nie self die mense nie, want die Vader wil deur die Heilige Gees en die Woord self sy eie kinders dissipel! I Joh. 2:20+27 "En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.... En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly."

Ons het die verantwoordelikheid om *die proses* te skep waar die Vader sy eie kinders kan dissipel. As gelowiges moet ons dus toesien dat mense dissipels word, maar uit eie krag kan ons hulle nie daartoe dwing nie. Die Vader se werking deur Sy Seun en Gees alleen kan mense waarlik dissipel. Gelowiges skram weg van om dissipelskap met

ander mense op te neem, want hulle weet diep in hulleself dat hulle kans nie baie goed is om dit reg te kry nie.

Dit is in die lig hiervan dat die Vader in Matt.23:8-12 die volgende skryf: “Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is. Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus. Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees. Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.” Daar is net een Vader en een leermeester en dit is beslis nie ons as leiers nie. As gelowiges het ons ‘n rol en verantwoordelikheid van vaderskap in mense se lewens, maar ons is in wese niemand se vader nie. Daar is net een Vader en dit is God die Vader!

Die punt is weereens nie dat daar nie leraars in die gemeente is nie, want die Woord is baie duidelik daaroor. Die vraag is hoe jy iemand leer sonder dat jy sy leermeester is en hy ‘n dissipel van jou word. Die oplossing lê dus weereens in *hoe* ons ons bediening in die gemeente uitleef sodat mense nie afhanklik word van die leier en die leier die alfa en omega word wat die finale sê in alles het nie! In die gemiddelde gemeente vandag word die leier al hoe meer onmisbaar hoe groter die gemeente in getalle word! ‘n Effektiewe leier sal dus so lei dat almal uiteindelik leiers is en niemand hom meer nodig het of eers mis nie. Ef.4:11-13 “En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.” Bybelse leierskap werk

hulleself uit hulle rolle uit en dit wat hulle geplant het, floreer ten beste na hulle weg is! Bybelse leiers bring gelowiges tot hulle volheid en nie hulle eie bedienings nie!

Dissipelskap het niks te doen met hoeveel kennis en openbaring JY moet oordra nie. Dissipelskap het niks te doen met hoe JY iemand moet bedien nie, maar om *iemand na die Vader te lei en in Sy teenwoordigheid in te bring*. Alles is te vinde in die teenwoordigheid van die Vader en nie in die teenwoordigheid van die leier nie! Enige oormatige fokus en bewuswording van aardse leiers is nie Bybelse vaderskap nie, maar selfverheerliking. Leiers verkondig en vestig nie hulle eie bedienings nie, maar die bediening van die Vader deur Sy Gees en Woord!

OPSOMMING

- 1) Westerse gemeentewees is op prediking en lering gebou. Daarvoor het jy 'n gestudeerde, professionele prediker en leraar nodig.
- 2) Gelowiges besoek kerke Sondae om met die Woord bedien en gevoed te word. Hulle is "consumers" wat gaan om in te neem en nie soseer uit te gee nie.
- 3) Blote nuwe kennis maak opgeblase, maar Woord wat jy persoonlik by die Vader ontvang laat jou groei, omdat dit openbaring in jou is!
- 4) Ons het meer leiers nodig as wat ons op die oomblik in gemeentewees het. Leierskap moet vir almal toeganklik wees.
- 5) Alle gelowiges moet onder leierskap staan, maar in die eerste plek aan die Hoof verbonde wees. Net Jesus is die hoof van die liggaam.
- 6) Geen leier het enigiets betaal vir die liggaam behalwe Jesus nie, daarom besit en beheer geen leier die liggaam nie!
- 7) Leiers se belangrikste rol is om die Vader se teenwoordigheid te fasiliteer en nie om die Vader te vervang of namens Hom te praat of te bedien nie!
- 8) As gelowiges het ons 'n rol en verantwoordelikheid van vaderskap in mense se lewens, maar ons is in wese niemand se vader nie. Daar is net een Vader en dit is God die Vader!

9) Ons dissipel eintlik nie mense nie, want die Vader dissipel sy eie kinders. Ons het die verantwoordelikheid om die proses te skep waarbinne die Vader sy eie kinders kan dissipel.

10) Bybelse leierskap werk hulleself uit hulle rolle uit en dit wat hulle geplant het floreer op sy beste na hulle weg is!

11) Dissipelskap het niks te doen met hoeveel kennis en openbaring jy moet oordra nie. Dissipelskap het niks te doen met hoe jy iemand moet bedien nie, maar om iemand na die Vader te begelei en in Sy teenwoordigheid in te bring.